

## 17 Junie      Klaagliedere 3:18-26, (Teks: 3:20, 22)

### *As my gedagtes vasdraai*

Soms voel dit of ek die pas nie langer kan volhou nie. Die dolle gejaag om alles klaar te kry en altyd vir die volgende gebeure gereed te wees, maak dat ek maklik moed en perspektief verloor.

As dinge te veel raak - iets waaraan elkeen al hoe minder kan ontkom - bevraagteken ek ook die sin van geloof en die sin van my lewe.

Nadat die skrywer van Klaagliedere vanaf 3:1 sy ellende en omstandighede bekla het, beleef hy 'n gevoel van totale mismoedigheid. Hy dink dat alles klaar is en dat hy nie op die Here vir uitkoms kan bly hoop nie.

Omstandighede laat sy gedagtes vasdraai. Hy word 'n slagoffer wat deur sy situasie omgeruk word. Gelukkig openbaar God sy liefde om ons weer op te tel uit die donker omstandighede. Wanneer die Heilige Gees die skrywer se donker gemoed op die agtergrond skuif, gaan 'n ganse nuwe horison vir hom oop. Teenoor die ellende en lyding wat hom onderkry, is daar 'n hoopvolle trant. Teenoor die doodsheid van sy eie omstandighede, is daar 'n positiewe uitkyk. Hy besef dat dit God se liefde is wat ons elke tree laat gee. Hy bely God se Alomteenwoordigheid. Dit laat hom besef dat God onophoudelik vir sy kinders sorg.

Hy gee praktiese raad oor hoe ek alles moet hanteer. Hy bely dat die Here goed is vir die wat op Hom bly hoop. Hy vra na die wil van die Here. Hy leer om geduldig te wag.

Aan die kruis het Christus met sy dood verseker dat ons gedagtes nooit weer vasgedraai sal wees nie.

Sing: Psalm 36:2,3

Ds. P.J. van Blerk (Birchleigh)